



KRUGER

Internasionaal

Privaat Welvaart-Bestuur

DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die vyfde verslag vanjaar.

Politiek

- Dit wil voorkom asof al die plaaslike politici so besig was om die sokker te bekyk dat daar min noemenswaardige uitsprake was wat die gewone burgers se bloeddruk kon laat styg. Selfs die ANC jeugleier was rustig. Hopelik bly dit so na die laaste fluitjie geblaas het en word die wonderlike ervaring van WB2010 nie ontsier deur byvoorbeeld xenofobiese ontwrigting nie.
- Die afgelope G20 leiersberaad was verdeeld in die opsig dat die VSA geskerm het dat fiskale beleid nie te streng toegepas moet word nie totdat die ekonomie op eie stoom kan groei nie. Daarteenoor was baie Europese lande bekommerd oor die groot skuldmas wat ophoop indien die fiskale beleid nie baie strenger word nie. Die gevolg? 'n Verklaring wat almal so min of meer tevrede stel sonder om daadwerklike optrede te vereis.
- Die strenger fiskale beleid kan wel tot politieke onrus in verskeie Europese lande lei omdat die regerings salarisse, pensioene en welsynsbetalings verminder terwyl belastings verhoog word.
- Intussen duur die geweld in Irak, Afghanistan en Pakistan voort, maar beïnvloed nie juis die finansiële markte nie.
- So nou en dan is die markte wel bekommerd oor die vreedsame aanwending van die Iraanse kernvermoë en beïnvloed dit wel die goudprys of 'n ander mark.
- Australië kry net na die langste nag in die suidelike halfrond nl op 23 Junie, sy eerste vroulike eerste minister.
- Intussen gaan dit steeds beter met die seerowers as met die Springbokke.

Internasionaal

- Die internasionale fokus bly eerstens op die fiskale situasie van Portugal, Ierland, Italië, Griekeland en Spanje; tweedens op die invloed wat die strenger fiskale beleid op ekonomiese groei kan hê, nie net in Euroland nie, maar ook in die res van die wêreld; derdens op die pogings wat China aanwend om sy te sterk ekonomiese groei af te koel; vierdens op die impak wat stadiger Chinese groei op wêreld- en veral kommoditeitsmarkte kan hê.
- Die spesifieke probleme wat Euroland tans ervaar, het veroorsaak dat die euro teenoor ander geldeenhede verswak het en tot beter groeivoorsigte vir lande soos Duitsland gelei het.
- Die IMF het in sy jongste groeivoorsigte vir 2010 die gemiddelde groei wat verwag word tot 4.6% verhoog van 4.2%. Hierdie groei word veral gerugsteun deur die groei wat in China, Indië en ander lande van die Verre-Ooste verwag word. In die ontwikkelde wêreld word groei gelei deur die VSA en Kanada, terwyl Afrika suid van die Sahara groei van sowat 5% kan toon. Die verwagte wêreld groei in 2011 sal egter stadiger as in 2010 wees.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122 Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV



- Intussen word voorspel dat inflasie in die meeste lande goed onder beheer sal bly in 2010 en 2011. Die uitsondering is lande soos China en Indië asook Australië waar rentekoerse reeds aangepas is om inflasie te beperk.
- Alhoewel die IMF se jongste groeivoorsigte sterker is as voorheen, is daar steeds onsekerhede in die wêreld aanwesig oor die mate waartoe hierdie groei wel bereik kan word. In die lig van die strammer fiskale beleid wat gevolg sal word (veral in Europa), inflasie wat onder beheer bly en onsekerheid oor groeivoorsigte word verwag dat korttermynrentekoerse in al die groot nywerheidslande tot in 2011 – en selfs tot aan die einde van 2011 of tot 2012 – op huidige vlakke sal bly.
- Langtermynrentekoerse wat ek verwag het onder opwaartse druk sal kom weens die groot finansieringsbehoefte van die meeste lande, het sedert die begin van die jaar wel gedaal. Dit is omdat hierdie rentekoerse hoër is as kortkoerse en geld wat in die geldmarkte geleen word in die kapitaalmarkte belê word. Hierdie tendens kan nie altyd so bly nie, maar dit kan wel geruime tyd voortduur omdat verwag word dat kortkoerse tot in 2011 nie sal styg nie.
- Algemene kommoditeitsmarkte word beïnvloed deur aanduidings dat China poog om sy ekonomie af te koel wat dan die pryse van kommoditeite laat daal. Wanneer ekonomiese vooruitsigte of vooruitskattings verbeter, dan styg hierdie pryse weer. Solank kortkoerse op huidige vlakke bly, moet verwag word dat kommoditeitsmarkte wel ondersteuning sal geniet.
- Die goudprys word deur die lae korttermynrentekoerse, asook deur die onsekerhede wat van tyd tot tyd in die finansiële markte na vore tree, ondersteun. Steeds word geen inkomste verdien uit goudbeleggings nie behalwe as die prys styg of die rand verswak.
- Die olieprys word ondersteun deur aanduidings dat ekonomiese groei verbeter of deur die voortgesette lae rentekoerse wat beleggings in hierdie mark aanmoedig.
- Die internasionale aandelebeurse ry die afgelope tyd skoppelmaai soos sentimente wissel tussen optimisme en vrese oor ekonomiese groei en die vermoë van maatskappye om goeie winste te toon.

Plaaslik

- Die jongste aanduidings is steeds dat die plaaslike ekonomie groei van om en by 3% in 2010 behoort te toon. Enersyds word ekonomiese groei gekortwiek deur stakings wat uitvoere benadeel asook die verswakking van die Europese markte wat steeds een van die vernaamste uitvoermarkte bly. Daarteenoor het die WB2010 'n baie welkome hupstoot aan besteding verskaf – eerstens deur die infrastruktuur- en stadionkonstruksie en tweedens deur die kwistige besteding deur toeriste en plaaslike inwoners tydens die toernooi. Hopelik sal die besteding aan infrastruktuur weer na die toernooi voortgesit word – alhoewel die finansiering van hierdie projekte steeds 'n probleem is. Die onvermoë van die owerheidsektor om investeringsprojekte aan die gang te kry kortwiek ook die besteding binne die plaaslike ekonomie.
- Die suksesvolle aanbieding van WB2010 toon dat die fokus op die toerismebedryf, eerder as byvoorbeeld die vervaardigingsbedryf moet wees om groei en werksgeleenthede te skep. (Dis steeds vir my 'n probleem of die vervaardigingsbedryf werklik mededingend kan word teenoor die bedrywe van die Verre-Ooste.)
- Die probleme wat Euroland tans ervaar, kan plaaslike uitvoere benadeel. Dit tesame met die uitvoerverliese wat gely is tydens die Transnetstaking, kan meebring dat die tekort op die

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122 Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV



lopenderekening van die betalingsbalans groter kan wees as wat aanvanklik verwag is. Terselfdertyd het die probleme wat in die PIIGS lande na vore getree het, risikovermyding tot gevolg gehad wat meegebring het dat die kapitaalvloeï na ontluikende lande en dus ook na die RSA laat afneem het. Tans word verwag dat kapitaalvloeïe voldoende sal wees om die tekort op die lopenderekening in 2010 te finansier. In die langer termyn bly die tekort op die lopenderekening en die finansiering daarvan egter 'n risiko.

- In die sin dat die tekort op die begroting vanjaar minder sal wees as verlede jaar, is die fiskale beleid van die sentrale owerheid ook meer beperkend. Daarteenoor word verwag dat die tekorte van veral plaaslike owerhede steeds baie groot sal wees en dus eintlik stimulerend sal bly. Daar is nog geen lig in die duistere tunnel van plaaslike owerhede se finansiële probleme nie.
- Inflasie volgens die verbruikersprysindeks daal verder veral weens die daling van voedselpryse en die huidige afname in brandstofpryse. Daarteenoor is die toename in lone en salarisse van meer as 8% in die eerste helfte van die jaar asook die sterk toename van elektrisiteits- en plaaslike owerhede se tariewe steeds negatief vir inflasie in die langer termyn. In 2010 kan die gemiddelde inflasiekoers selfs minder as 5% wees.
- Daar is uiteindelik 'n vars briesie te bespeur in onderwysbeleid. Hopelik toon dit vir ons positiewe resultate binne die volgende dekade! Die gebrek aan kundigheid en werksetiek bly steeds vir my een van die grootste struikelblokke in die langtermyn ontwikkeling van die plaaslike ekonomie.
- Die aanduiding is dat plaaslike korttermynrentekoerse tot minstens die middel van 2011 sywaarts kan beweeg.
- Langtermynrentekoerse word in die korttermyn beïnvloed deur die tendense van korttermynkoerse, maar behoort in die langer termyn die groot finansieringsbehoefte van die openbare sektor te weerspieël.
- Die plaaslike aandelebeurs en valutamarkte word steeds deur internasionale tendense en drahandel beïnvloed.

Beleggingsomgewing

- Internasionale korttermynrentekoerse kan volgens huidige aanduidings vir minstens die volgende 12 maande op huidige lae vlakke bly. Dit sal beleggers en spekulate aanmoedig om in hierdie markte te leen en in die kommoditeits-, valuta-, aandeel- en kapitaalmarkte te belê.
- Internasionale langtermynrentekoerse is op baie lae vlakke, maar steeds hoër as korttermynrentekoerse en lok dus steeds beleggingsfondse. Hierdie toedrag van sake duur voort niesteenstaande die baie groot tekorte wat op regerings se begrotings bestaan. Hierdie koerse kan egter vinniger op inflasiestygings begin reageer as korttermynrentekoerse. VSA staatseffekte bly steeds gewild in tye van finansiële onsekerhede.
- Niesteenstaande stadige internasionale ekonomiese groei wat verwag word in komende jare, word verwag dat maatskappyresultate goed behoort te vertoon weens die kostebesnoeiings wat hulle aangepak het en volgens aanduidings volhou tydens die ekonomiese herstelfase.
- Die dollar bly aantreklik in tye van finansiële onsekerhede. Gegewe die onsekerhede wat die euro omgewe weens die finansiële probleme wat sommige lande ervaar, bly die dollar tans steeds die aantreklike alternatief.

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122 Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV



- Die geldeenhede van ontluikende lande met hoë rentekoerse sal weens die drahandel waar beleggers in geldmarkte met lae rentekoerse leen om in markte met hoër rentekoerse te belê, bevoordeel word.
- Plaaslike korttermynrentekoerse kan volgens huidige aanduidings ook vir die volgende 12 maande sywaarts beweeg.
- Plaaslike langtermynrentekoerse word tans bevoordeel deur die verwagting dat korttermynrentekoerse eerder sal daal as styg in die volgende 12 maande. Die groot finansieringsbehoefte van die openbare sektor kan egter hierdie rentekoerse laat styg voordat enige beweging in korttermynrentekoerse plaasvind.
- Die plaaslike aandelebeurs word steeds deur die internasionale tendense en die invloed van buitelandse kapitaal beïnvloed.
- Die rand word steeds deur die drahandel bevoordeel en die risiko is dus dat die geldeenheid in die volgende 12 maande steeds sterk kan vertoon teenoor die meeste ander geldeenhede. Met verloop van tyd moet die inflasiedifferensiaal tussen die rand en die geldeenhede van ons belangrikste handelsvennote en internasionale mededingers wel in die waarde van die rand gereflekteer word.

Ulrich Joubert
10-13 Julie 2010

Hein Kruger Internasionale Fondsbestuur (Edms) Bpk h/a Kruger Internasionaal
Reg. Nr. 2000/007789/07 FSP Nr. 521

12de Vloer Owlstraat 25 Auckland Park Johannesburg
Posbus 72260 Parkview 2122 Tel: +27 (0)11 726 7700
Faks: +27 (0)11 219 7111
www.krugerinternasionaal.co.za
Direkteure: H Kruger, MM Kruger, JE Keller, JB Marais

Gemagtig deur die RFD as Diskresionêre FDV